# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (27/09)*

*Justin Chadwick (10 July 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGEDE VAN DIE DAG:*** *" In a world filled with hate, we must still dare to hope. In a world filled with anger, we must still dare to comfort. In a world filled with despair, we must still dare to dream. And in a world filled with distrust, we must still dare to believe." Michael Jackson*

## BUITELANDSE VALUTA INKOMSTE

Onlangse statistieke toon dat sitrusuitvoere **R4.8 biljoen** in die periode van Julie 2007 tot June 2008 verdien het. As jy wyn as 'n landbouproduk insluit (daar is baie wat sê dat dit 'n verwerkte produk soos inlegde vrugte is), is ons tweede op die lys van landbou se buitelandse valuta verdieners (wyn het R5.2 biljoen verdien). Die tweede grootste was druiwe met R2.9 biljoen, appels, pere en kwepers met R2,5 biljoen, gevolg deur suiker met R1,9 biljoen. Die vars vrugte sektor verdien dus **R10.2 biljoen per jaar aan uitvoerverdienstes.** Dit is 'n derde van die uitvoerverdienstes van alle landbouprodukte. Vir seker regverdig dit vir ons meer ondersteuning en erkenning van die regering as wat tans ondervind word?

## JAPAN KOöRDINERING

Die CGA was in 2009 betrokke by die koördinering van die verskepings van pomelos na Japan met weeklikse koördineringsvergaderings en 'n weeklikse skrywe (ook in Japanees vertaal en binne Japan gesirkuleer). Dankie aan Sandra, Arend en Per vir hul weeklikse insette en aan die verskepings-koördineringsspan wat in Kaapstad en Durban vergader.

Almal wat na Japan uitvoer is gevra om by twee riglyne te hou wat sou lei tot beter verdienstes vanaf die Japanese mark deur die kopers te gee wat hul wil hê. Die riglyne dek die gepigmenteerde tot die wit pomelo verdeling (bepaal teen 60/40) en grootte (minder as 15% van telling 50 en kleiner). Dit is die moeite werd om te noem dat tot op datum het ses van die 15 uitvoerders na Japan ( met volumes van 30 000 kartonne plus) by hierdie riglyne gehou. Ek glo dat ons erkenning moet gee waar nodig en wil graag die volgende bedank vir die nakoming van beide van hierdie riglyne - Capespan, Alliance Direct, Lona, Xtreme, Colors en Vanguard. Die CGA moniteer hierdie riglyne en lig alle uitvoerders omtrent hul prestasies in. Hopelik sal ons meer van die nakoming voor die einde van die seisoen sien. As ons na die voorraad in Japan kyk is dit duidelik dat die meeste daarvan van die kleiner goottes is – dit sal nie sin maak om nog voorraad by hierdie voorraad van kleiner groottes te voeg nie.

## SUPERMARK ONDERSOEK (VERVOLG)

Laas week het ek oor ondersoeke na nie-kompeterende gedrag van supermarkte geskryf en genoem dat Ierse produsente die grootbaas van 'n groot supermark toegetakel het. Die Iere is 'n agressiewe lot – hierdie week het hul 'n verspreidingsentrum geblokkeer om teen supermarkte se misbruik van mag te protesteer. Die Ierse Produsente Assosiasie (IFA) se president het as volg gewaarsku: "The multiples would have consumers believe these price reductions are coming from the supermarkets bottom line. They are fooling no one. This race to the bottom on food prices is being funded through squeezing producers". En die IFA het die regering aan hul kant – met die Ierse Minister van Landbougewasse wat erkenning gegee het aan wat laas week in terme van viktimisering en vrees vir weerwraak gerappoteer is toe hy gesê het "suppliers are afraid to say publicly what they will say privately to me for fear of being identified". Hy het aangedring op die implementering van 'n gedragskode om sulke misbruike aan die lig te bring en vir die aanstelling van 'n ombudsman om bewyse in privaatheid in te samel en te ondersoek .

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

Al die fokusgroepe het nou hul voorspelde uitvoervolumes afwaarts aangepas, met verdere aanpassings wat verwag word by volgende vergaderings – die laaste hersienings is as volg: Sagte Sitrus 14 Mei, Valencia 27 Mei, Pomelo 1 Julie, Suurlemoene 2 Julie en Nawels 8 Julie. Valencia se verpakking kry nou momentum en dit blyk dat meeste pakhuise minder uitvoer uitpakke rapporteer as verwag. Met verskepingsyfers wat gewoonlik 5% minder is as die verpakte syfer, is die huidige voorspellings vir 'n 86.3 m uitvoeroes (af van 2008 se 89.3 m).

Aangesien handelstoestande moeilik bly in Europa (alhoewel daar verbetering is), is dit interessant om die diversifisering van uitvoere na nie - EU lande waar te neem - pomelo 31% na Japan en 6% na Rusland; sagte sitrus 10% na Rusland en 7% na VSA; suurlemoene 43% na Midde-Ooste, 14% na Verre Ooste en 12% na Rusland; nawels 29% na Midde-Ooste,10% na Rusland en 9% na Asië; en Valencia 18% na Rusland en 15% na Midde-Ooste. Dit onderstreep die belangrikheid daarvan om 'n keuse van markte te hê en die belangrikheid daarvan om huidige markte te behou, hierdie markte te verbeter en nuwe markte te bekom.

| Tot Week 27 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2007 | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 | 2008 |
| Pomelo | 11.6 m | 11.1 m | 11.7 m | 9.2 m | 10.1 m | 15.1 m | 13.5 m | 12.8 m | 12.4 m |
| Sagte Sitrus | 5.6 m | 5.9 m | 5.3 m | 4.8 m | 4.3 m | 7.4 m | 7.1 m | 7.3 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 4.3 m | 6.9 m | 5.5 m | 5.5 m | 3.9 m | 9.4 m | 8.6 m | 9.6 m | 8.8 m |
| Nawels | 13.5 m | 15.2 m | 14.4 m | 10.9 m | 10.4 m | 21.6 m | 19 m | 21.5 m | 21.2 m |
| Valencia | 5.9 m | 6.8 m | .3 m | 2.3 m | 2.2 m | 43 m | 42.1 m | 42.8 m | 40.4 m |
| | 40.9 m | 45.9 m | 42.2 m | 32.7 m | 30.9 m | 96.5 m | 90.8 m | 94 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**